

14 Junie

Met my God spring ek oor 'n muur!

Skrifgedeelte: Jesaja 40
Fokusgedeelte: Jesaja 40:31

Ons versmag in ons ellende. Alles tevergeefs, sê die Prediker. Want teenoor ons verganklikheid is die ewige Woord van God. Teenoor sy grootheid is ons 'n stoffie. Gemeet aan God en sy werke, is ons en ons lewe absurd. Sien Hy ooit raak wat van my word? Ons vlug eerder.

Maar hier is 'n boodskap – Troos, troos! God is hier. En kyk: Met wie kan jy Hom vergelyk as Skepper en Onderhouer, Regeerder? Kyk fyn: Dit is nie net oorweldigende grootheid nie – dit is ook onmeetbare presisie en sorg, die fyn aanmeekaarsit van die heelal. Die kom en gaan van heersers en vernames. Hy dra syne soos lammers teen sy bors sonder om moeg en afgemat te word soos ek.

Dis reg – sien die futiliteit van menslike kleinheid. Besef dat ons jeug en krag niks is nie. Sien Hom dan raak: In Jesus Christus is Hy waarlik God met ons. In Christus het sy ewige Woord ons van ons verganklikheid genees (1 Pet 2:23-25). Ons vooropgestelde gedagtes oor God lei tot twyfel. Luister met die nederige verwagting van die boodskapper van Jesaja dat ons Here kom. Hy is inderwaarheid hier.

Rig dan jou vertrouë hoër as menslike bronne: Wie op Hom vertrou, se krag word vervang. Nie 'n nuwe voorraad van die ou soort wat vasval in vertwyfeling nie, maar 'n nuwe soort krag wat die onmoontlike vermag: selfs opstanding uit die dood, soos om te kan vlieg met arendsvlerke! Met sy krag vervaag my gebreke en leef ek uit sy vermoëns: Ek hardloop en word nie moeg nie, ek loop en raak nie afgemat nie. Met my God spring ek oor 'n muur!

Sing: Psalm 27:1, 6 (1936); Psalm 27 (2001):7, 8

Ds. J Malan (Oudtshoorn)